Memorandum: Ongesiene gedig

Memorandum van die ongesiene gedig *Iets* deur Sheila Cussons (*Leerderboek* bladsy 196)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waarna verwys die *Iets* in die titel? (1)

   Die gedig is iets wat uit niks geskep word. (1)

2. Daar word deurgaans herhaling in hierdie gedig gebruik.

   2.1 Hoe word die woord *niks* in reël 1, 2 en 4 uitgehef? Noem 1 wyse van uitheffing. (1)

   Enige van die volgende: einde van die reël/begin van die reël/deur die herhaling van die woord *niks.* (1)

   2.2 Watter funksie het die herhaling van hierdie woord? (1)

   Dit beklemtoon dat ’n gedig uit *niks* (eintlik alledaagse dinge) geskep word. (1)

3. Skryf reël 3 neer en dui die halfrym aan. Benoem dié halfrym en skryf neer watter funksie dit hier verrig. (2)

   “... wat wimpel in die wind...” Allitererende w-klank. (1)

   Dit verskaf klankrykheid. (1)

4. Waar is daar ’n wending in die gedig en deur watter woordsoort word hierdie wending ingelui? (2)

   Reël 7 deur die woord *maar.* (1) Dit is ’n teenstellende voegwoord. (1) (2)

5. Waaraan word die digter gelyk gestel? Waarop dui hierdie verband?

   Wenk: ’n woord in reël 1 verskaf ’n leidraad. (1)

   Die woord *toor* dui op ’n towenaar. (½) Dit dui op die kreatiewe skeppingsproses. (½) (1)

6. Bestudeer die slotreël noukeurig:

   of onverwags die egte ding.

   6.1 Watter enkele woord dui daarop dat dit plotseling gebeur? (½)

   Onverwags. (½)

   6.2 Waarna verwys die woorde *egte ding*? (½)

   Gedig. (½)

7. Bestudeer die onderstaande. Skryf neer of dié bewerings waar of onwaar is:

   7.1 Die gedig handel oor die skrywer se soeke na die onverwoordbare wat altyd ontwykend bly. (½)

   Onwaar. (½)

   7.2 Hierdie is ’n voorbeeld van metapoësie – ’n gedig wat handel oor die digproses self. (½)

   Waar. (½)

[10]